**Woensdag 9 Augustus**
**Skrifgedeelte: Prediker 9:1-10**
**Fokusgedeelte: Prediker 9:7 (AFR83/2020)**
**Eet en drink met vreugde en ’n vrolike hart**

Ná al die Prediker se donker gedagtes oor die verganklikheid van alle mense se lewe, kom die positiewe oproep van vers 7 byna as ’n verrassing:

- Gaan eet jou brood met vreugde;
- en drink jou wyn met ’n vrolike hart.

Met brood en wyn word bedoel die mens se daaglikse voedsel en drank. Die mens werk hard om kos en wyn op die tafel te kry. En na al die geswoeg en harde werk kan die mens by die tafel gaan aansit en met vreugde sy kos eet en met ’n vrolike hart sy wyn drink. Dit is in wyer sin ’n oproep om die lewe te geniet. Daar is byna geen groter vreugde en genot as om saam met goeie vriende ’n heerlike ete en ’n glasie wyn te geniet nie.

En dit mag. Die Prediker begrond sy oproep in die tweede deel van vers 7: “God het lankal reeds goedgekeur wat jy doen.” Oor die betekenis van die woorde is daar verskillende menings. Die aanneemlikste is dat God voedsel en drank vir sy kind wat Hom dien (12:13), wil gee, want ook die gawes wat Hy gee, het Hy lankal reeds so bepaal. En Hy wil hê dat sy kind die gawes geniet. Ons kan met vreugde en ’n vrolike hart eet en drink, want ons doen dit nie met ’n gesindheid van “want môre sterf ons” nie (1 Kor. 15:32), maar met die wete dat God ons van die verganklikheid bevry het (Rom. 8:23).

Jesus Christus het die dood oorwin en ons sien uit na die onverganklike, wanneer ons die nuwe wyn in God se nuwe koninkryk sal drink (Matt. 26:29).

*Sing: Psalm 23-1:3*

*Ds. AL Pelser (Abri) (Bethlehem)*